Hermanusdoorns Aandeleblok Beperk

NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP DIE PLAAS HERMANUSDOORNS

8 Augustus 2015 om 11H00

1 Verwelkoming

Die Voorsitter open die vergadering om 11h00 deur alle aandeelhouers te verwelkom en rig ‘n spesiale verwelkoming aan alle nuwe aandeelhouers.

2 Verskonings

Attie du Plessis
Charles Hattingh
Daan Mostert
Sydney & Louisa Gericke
Dawid Mostert
Belrup (Rupert en Bellini)
Michael Fikkert

3 Kennisgewing van vergadering en kworum

Aangesien daar 58 (Agt en vyftig) van die 92 (twee en negentig) aandeelhouers in persoon of deur volmag teenwoordig is, is daar ‘n kworum en, verklaar die Voorsitter dat die vergadering mag voortgaan.

Die Voorsitter bevestig dat 29 (nege en twintig) stemme vir Gewone besluite en 44 (vier en veertig) stemme vir Spesiale besluite, benodig word.

Die Voorsitter verduidelik dat stemming sal geskied deur die vertoon van registrasie kaarte, waar elke kaart een aandeel en een stem verteenwoordig.

Dylan Harris en Hannes Venter bied aan om die stemme te tel.

4 Voorsitter se verslag

4.1 Sedert die vorige jaarvergadering is 6 (ses) aandele verkoop en die Voorsitter verwelkom die nuwe aandeelhouers.

4.2 ‘n Minuut stilte word gevra uit eerbetoning aan aandeelhouers van wie familielede sedert die vorige jaarvergadering oorlede is:

- Rita Swanepoel
- Anneke Mostert

4.3 Die Voorsitter gee agtergrond van die jaar se aktiwiteite. Dit was ‘n jaar waarin teruggekeer moes word na bestendigheid, herfokus op fauna en flora en onderhoud van bates. Die Voorsitter wys in die verband na die volgende::

- Aankoop van nuwe diere om die genepoel te verbeter.
- Herstel van vloedskade.
- Konstruksie van damme om toekomstige vloedskade te voorkom.
- Begin van projek om Sekelbos te verwyder.
- Uitgawes binne begroting.
- Fokus op die verbetering van kontroles.

- Implementering van beleide en prosedures

4.4 Die Voorsitter bedank die aandeelhouers vir hulle reaksie op die 2015 aandeelhouers opname en die konstruktiewe voorstelle en kommentaar.

- 53% reaksie teenoor die 29% van 2011
- 63% van die reaksie was van aandeelhouers met ontwikkelde persele.
- 152 voorstelle vir verbetering.

Die kommentaar is aan alle aandeelhouers gestuur en die direksie het begin om die voorstelle te verwerk, ten einde toekomstige beplanning te verbeter.

4.5 Die Voorsitter gee ‘n volledige aanbieding van die vorige jaar se aktiwiteite onder die volgende opskrifte:

- Finansiële stand
- Kwessies van aandeelhouers
- Korporatiewe bestuur
- Infrastruktuur & Batebestuur
- Personeel aangeleenthede
- Diensverskaffing
- Fauna & Flora

Die volledige aanbieding sal op die webbtuiste beskikbaar gestel word.

4.5.1 <u>Finansiële stand</u>

Die aanbieding:

- Toon dat die maatskappy se finansiële situasie gesond is en ook beter is as ooit tevore.
- Toon dat die maatskappy goed bestuur word en dat uitgawes onder beheer is

Die verslag fokus op die 5 belangrikste uitgawes wat 89% van die totale uitgawes verteenwoordig.

- Salarisse
- Dienste
- Voertuie
- Onderhoud
- Kapitale uitgawes

Uitstaande fooie op 31 Maart 2015 was beter as die ooreenstemmende datum die vorige jaar, naamlik R272 000 teenoor R397 000 en die situasie vir 31 Julie was bykans dieselfde, naamlik R76 000 teenoor R77 000.

Twee aandele wat per veiling aangebied is, is deur die maatskappy teruggekoop.

Die maatskappy benodig ongeveer R500 000 per jaar vir besteding aan items van kapitale aard. Die voorste heining moet vervang word en die begroting daarvoor beloop ongeveer R300 000.

Die heffing vir nie-permanente inwoners vir die 2016/17 finansiële jaar word met 4.7% tot R24 400, verhoog. Skoonmaak en wasgoedfooie bly onveranderd. Die elektrisiteitskoste het nie met 20% verhoog, soos in die vorige jaar verwag is nie en gevolglik is daar tot tyd en wyl Eskom enige wysiging aankondig, geen verhoging in elektrisiteitstariewe nie. Monitering van alarms sal ook verhoog.

4.5.2 <u>Kwessies van Aandeelhouers</u>

Die plaas se nuwe bestuurstruktuur werk goed met betrekking tot sigbaarheid en onderhoud van toerusting. Dit word bevestig deur die 2015 opname, met ‘n posittiewe taksering van 89% in vergelyking met die 50% van 2011.

‘n Nuwe toegangsstelsel is geïnstalleer en individuele toegangskaarte is aan aandeelhouers uitgereik, wat deur die stelsel gemonitor kan word. Die plaasbestuur doen gereelde patrollies binne en buite die plaasgrense en is deur middel van die sosiale network verbind met die plaaslike belangegroep, wat die bestuur van inligting voorsien van gebeure wat in die omgeving plaasvind.

Die voorsitter bedank aandeelhouers vir donasies van oorpakke, toebehore, elektriese kabels, opgradering van paaie, die onderhoud van tuine en die klanktoerusting vir vandag se vergadering.

‘n Aantal aandeelhouers het navraag gedoen oor die daarstel van wild sindikate. Dit word onder die punt Gewone Sake 4 bespreek.

4.5.3 Korporatiewe bestuur

Die direksie poog voortdurend om aan toepaslike korporatiewe bestuursbeginsels te voldoen en verskeie prosedures en prosesse is vir die doel geformuleer.

Die saak rakende registrasie en lisensiering van boorgate en damme, waaroor daar in die vorige Jaarvergadering navraag gedoen is, is met die Departement van Waterwese opgeneem en bevestiging is ontvang dat dit nie nodig is nie. ‘n Watervoorsienings lisensie is ook nie nodig nie.

4.5.4 Infrastruktuur & Batebestuur

Die opgradering van paaie, brûe en damme as gevolg van die vloedskade bly ’n prioriteit. Voortdurende vervanging van swak elektriese kabels met nuwe kabels in die berg, gaan voort.

Die boorgat wat toegerus is om deur middel van die son krag op te wek, was nie so suksesvol nie, aangesien daar probleme met drukking en ook kragstoring op die battery om vir 24 uur water te pomp, ondervind is.

Voertuie word voortdurend onderhou. Die Vlakvark is herbou, die Tata is herstel en die Padvaardigheidssertifikaat is bekom.

Die plaashuise asook die enkelkwartiere wat uitverhuur word aan tydelike arbeiders vir werk op die plaas en vir projekte van aandeelhouers, is opgeknap.

4.5.5 Personeel Aangeleenthede

Die opleiding en vaardigheidsontwikkeling is ‘n deurlopende proses. Salmon is ingeskryf vir ‘n Veldbestuurskursus.

Die aantal werknemers, bestuur uitgesluit, is 9. (3 vroulik en 6 manlik).

4.5.6 Fauna & Flora

Uitdunning van die bos is nog ‘n prioriteit, maar is uitgestel omdat arbeid en die LTD gebruik is om die sloot te herlei, voordat ‘n kontrakteur gebruik is om die werk te doen. Aandeelhouers het tydens die aandeelhouersopname getoon dat uitdunning van die bos die belangrikste prioriteit is en dit sal in die volgende maande voorkeur geniet.

Inkomste uit die afgelope twee jaar se wildvangste is aangewend om 3 Swartwitpensbulle te verkry en ook Zebras en Blouwildebeeste aan te koop om die genepoel te verbeter.

Die aanbevelings van Frits van Oudtshoorn, na sy veldstudie gedurende Julie, is in die proses van implementering.

5 Gewone Sake

a Gewone Besluit 1

Aanvaarding van die notule van die Algemene Jaarvergadering gehou op 9 Augustus 2014 word aangeteken as eerste besluit.

Daar word tot stemming oorgegaan.

Voorsteller: Mev Cornelia Swart
Sekondant: Mnr Bill Benecke

Algemeen aanvaar.

b Gewone Besluit 2

Aanvaarding van die maatskappy se finansiële state vir die tydperk eindigend 28 Februarie 2015, asook die verslae van direkteure en ouditeure.

Die Ouditeur versoek dat, voordat oorgegaan word tot goedkeuring, die uitreikingsdatum van die finansiële state gewysig word na 8 Julie 2015 aangesien dit die datum is waarop die state finaal goedgekeur is.

Daar word tot stemming oorgegaan.

Voorsteller: Mnr O Greeff
Sekondant: Mnr M Perrie

Besluit word algemeen aanvaar.

c Gewone Besluit 3

Die besluit vir die heraanstelling van Russell James en Kie as ouditeure vir die maatskappy tot en met die volgende Algemene Jaarvergadering word voorgele.

Volgens die voorgeskrewe riglyne sal die Ouditeursvennote na die volgende Algemene Jaarvergadering roteer.

Daar word tot stemming oorgegaan.

Voorsteller: Mnr M Perrie
Sekondant: Mnr O Greeff

Daar was 1 teenstem en die besluit word aanvaar.

d Gewone Besluit 4

i Inleiding tot Gewone Besluit 4

‘n Aantal aandeelhouers stel daarin belang om in eksotiese wild te belê. Die beginsel is soos volg:

- ‘n Spesifieke Sindikaat sal jaarliks toegelaat word om in sekere spesies van eksotiese wild te belê
- Elke Sindikaat word vrywillig gestig en hul belang in die sindikaat sal gebaseer wees op die bedrag/kwantum van die belegging
- Sindikate mag slegs in teeltroppe belê na goedkeuring van die direksie en met inagneming van die jaarlikse veld evaluering
- Hermanusdoorns Aandeleblok sal die weiding voorsien, maar aanvaar geen verantwoordelikheid vir die diere se toestand of aanspreeklikheid vir enige verlies of skade nie.
- Hermanusdoorns is geregtig op 50% van die Sindikaat se opbrengs op sy belegging
- Die Sindikaat se deelnemers mag van jaar tot jaar verander
- Elke deelnemer se regte in die Sindikaat, sal in verhouding wees tot sy/haar belegging daarin
- Geen jagaktiwiteite sal toegelaat word nie
- Die minimum belegging per Sindikaat beloop R200 000 met ‘n minimum van R20 000 per deelnemer
- Besonderhede van elke Sindikaat sal vervat word in die Jaarlikse Finansiële State van Hermanusdoorns Aandeleblok Beperk.
- Die Sindikate sal onafhanklik van mekaar funksioneer, binne die raamwerk soos bepaal deur die direksie en onafhanklik van Hermanusdoorns Aandeleblok Beperk.

Die direksie stel voor dat die direkteure toegelaat word om die daarstelling van “Game Investment Syndicates” (GIS) te formuleer.

ii Uitwerking van Gewone Besluit 4

Die gevolge van Gewone Besluit 4 is dat Hermanusdoorns aandeelhouers deur die GIS in staat gestel word om in die belegging van wild deel te neem en nie-deelnemende aandeelhouers sal kan deel in wildbesigtiging asook in die ander beleggers se opbrengste.

Aandeelhouers het, in verband met verskeie aangeleenthede, meer duidelikheid verlang.

Mev Stephen wil weet of die Sindikate spesiale omheining sou benodig om wild van roofdiere te beskerm. Geen spesiale omheining of kampe binne die plaas word toegelaat nie. Mnr Potgieter was ook daaroor bekommerd dat telers van eksotiese wild gereeld op luiperds en hiënas jag.

Mnr Twiggs is geheel gekant teen die aanhou van wild op die plaas wat geteel is om die kleur to verander.

Mnr Gideon van Zyl is gekant teen die inbring van die swart rooibokke, aangesien dit met die gewone rooibokke sal inteel. Hy is ook gekant teen die aanhou van buffels. Die Voorsitter het bevestig dat geen swart rooibokke toegelaat sal word nie, asook geen buffels nie, aangesien daar alreeds ‘n besluit geneem is om nie die Groot 5 te huisves nie. Die Voorsitter bevestig ook dat alle aankope van wild in samewerking met Frits van Oudtshoorn gedoen sal word, en wel om te verseker dat die drakrag van die veld en die geskiktheid van die spesies vir die gebied in ag geneem word.

Mnr Rees wou weet wie die risiko dra in geval van vrekte van die eksotiese wild. Die Voorsitter bevestig dat Sindikate alle verliesskade en aanspreeklikheid dra.

Mnr Gideon van Zyl wil weet of die toelating van Sindikate nie in stryd is met plaasreëls dat geen besigheid op die plaas gedoen mag word nie. Die Voorsitter se reaksie is, dat hierdie verskillend is, aangesien die plaas voordeel daaruit trek.

Mnr Paul Goslin doen navraag t.o.v. die koördinering van belangstellendes in Sindikate. Dit sal gedoen word deur Mnr John Hill wie ook ‘n omsendbrief aan alle aandeelhouers sal stuur.

Daar word tot stemming oorgegaan

Voorsteller: Mnr D Harris
Sekondant: Mnr W Carter

Daar was 2 teenstemme en 1 aandeelhouer het buite stemming gebly. Die besluit word aanvaar.

6 Spesiale Sake

Die volgende besluite word sonder of met veranderinge as spesiale besluite voorgehou.

Die vergadering gaan voort om die volgende twee spesiale sake te oorweeg.

a <u>Spesiale Besluit 1</u>

i Inleiding tot Spesiale Besluit 1
As deel van ons deurlopende pogings om uitstaande skuld van aandeelhouers te verhaal, het ons nou die geleentheid om hierdie aandele op veiling te verkoop ten einde alle uitstaande skuld en regskoste te dek. Dit is die direksie se voorneme om aan die veiling deel te neem met ‘n aanbod, gelykstaande aan die bedrag deur die aandeelhouers verskuldig, insluitend die regskoste. Dit is in effek die terugkoop van hierdie aandele en daarvoor is ‘n spesiale besluit nodig.

Besluit as Spesiale Besluit 1 dat die direkteure gemagtig word om die aandele wat as gevolg van nie-betaling deur aandeelhouers per veiling verkoop word, terug te koop.

ii Uitwerking van Spesiale Besluit 1

Die aanvaarding van Spesiale Besluit 1 sal veroorsaak dat elke aandeel wat per veiling verkoop word, as gevolg van agterstallige heffings en ander gelde deur die aandeelhouers verskuldig, die uitgereikte aantal aandele met 1 (een) verminder en die aandelekapitaal met R1000. Daar is huidiglik 2 aandele ter sprake. Die aanbod op die aandele is vir die bedrag gelykstaande aan die totale bedrag verskuldig en sal as ‘n uitgawe In die inkomstestaat aangetoon word.

Die Voorsitter beklemtoon dat dit die beste is om aandeelhouers wat agterstallig is aan te moedig om eerder te betaal en sodoende deel van die plaas te bly.

Die besluit om aandele terug te koop, moet jaarliks ter tafel kom en mag nie van die een jaar na die volgende jaar oorgedra word nie.

Sedert die kennisgewing uitgestuur is, is ‘n ooreenkoms met een aandeelhouer bereik.

Daar word tot stemming oorgegaan om 2 aandele terug te koop.

Voorsteller: Mnr M Perrie
Sekondant: Mnr K Smith

Teenstemme - 0
Buite stemming - 0

Die besluit word aanvaar.

b Spesiale Besluit 2

i Inleiding tot Spesiale Besluit 2

Volgens ‘n ontleding van aandeelhouers wat heffings laat betaal, is gevind dat die laatbetalers hoofsaaklik die aandeelhouers is met die kleinste risiko, naamlik die met onontwikkede persele. Om hierdie tendens aan te spreek, beveel die Direksie aan dat indien onontwikkelde persele verkoop word, die nuwe eienaar dit binne 2 jaar moet ontwikkel.

Aanvaarding van Spesiale Besluit 2 om die “MOI” te wysig om ‘n klousule in te sluit dat nuwe eienaars van onontwikkelde persele verplig word om die perseel binne 2 jaar vanaf datum van oordrag, te ontwikkel. Die verpligting berus op die koper en word van toepassing sodra die Algemene Jaarvergadering magtiging daartoe verleen dat die “MOI” dienooreenkomstig gewysig mag word. Indien die koper versuim om die perseel te ontwikkel, sal die heffing daarop verdubbel tot tyd en wyl die betrokke perseel onwikkel is.

ii Uitwerking van Spesiale Besluit 2

Die aanvaarding van Spesiale Besluit 2 sal verseker dat alle aandeelhouers besef hulle het ‘n belang in ‘n belegging wat waardevol is.

Die Spesiale Besluit sal slegs van toepassing wees op die verkoop van onontwikkelde persele vanaf datum van aanvaarding van die besluit en nie op aandeelhouers met bestaande onontwikkelde persele nie.

Mev Depken van Geluk Trust wil weet wat die aantal onontwikkelde aandele is wat die afgelope jaar verkoop is. Mnr John Hill bevestig dat 13 aandele die afgelope 3 jaar verkoop is, waarvan een onontwikkeld was. Laasgenoemde is hierdie jaar verkoop. Sy is van mening dat indien die besluit aanvaar word dit verkope van onontwikkelde persele nog moeliker sal maak.

Mnr Harris wil weet of die 2 jaar reel sal geld indien ‘n aandeelhouer ‘n aangrensende onontwikkelde perseel aankoop om privaatheid te verseker. Die Voorsitter se reaksie is dat indien dit die geval is, sodanige geval volgens meriete hanteer sal word.

Daar word tot stemming oorgegaan.

Voorsteller: Mnr M Perrie
Sekondant: Mnr J Hill

Teenstemme - 1
Buite stemming - 0

Die besluit word aanvaar.

7 Verkiesing van Direkteure

Mnre. J Kotze en J Hill tree uit as direkteure in terme van die rotasie proses en is beskikbaar vir herverkiesing.

Beide word by wyse van geslote stemming herverkies.

8 Algemeen

Daar is ‘n voorstel dat die Algemene Jaarvergadering na die Julie skoolvakansie verskuif word om aandeelhouers wat van ver kom te akkomodeer. Indien moontlik, sal dit gedoen word, maar op die stadium bly dit die langnaweek in Augustus.

Die Algemene Jaarvergadering vir 2016 word geskeduleer vir 6 Augustus 2016.

Die Voorsitter hanteer die saak van die landing van ‘n helikopter, wat van die aandeelhouers ontstel het. Daar was toestemming gegee om langs die enkelkwartiere te land , maar dit het naby die Waterbokpan geland.

‘n Bespreking het gevolg met betrekking tot die vraag of landingsregte toegelaat moet word en onder welke voorwaardes. Volgens ‘n handopsteek telling blyk ‘n 60/40 stemming ten gunste daarvan te wees. Die rede daarvoor is hoofsaaklik mediese nooddienste. Die helikopter moet egter onder dak parkeer word.

‘n Inligtingstuk met betrekking tot ‘n strategie dokument wat tans deur die direksie opgestel word is aan aandeelhouers beskikbaar gestel. Die Voorsitter vra vir insette in die verband.

Mnr Twiggs versoek dat honde toegelaat moet word. Die versoek is afgewys met insluiting van enige ander troeteldiere.

‘n Navraag of brandhout in die veld bymekaar gemaak mag word, is afgewys. Daar kan egter met die Plaasbestuurder gereël word dat brandhout teen R300 per bakkievrag by aandeelhouers afgelewer word.

Mnr Harriss versoek dat die direksie herwinning van afval moet ondersoek.

Mev du Toit stel voor dat ‘n sosiale netwerk (Facebook of What’sApp) van die aandeelhouers ingestel moet word om kommunikasie te verbeter. Volgens die Voorsitter wil sommige aandeelhouers nie hulle inligting laat versprei nie en is die maatskappy nie by magte om dit te doen nie. Die maatskappy is ook verplig om die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting na te kom. Die maatskappy sal nie so ‘n inisiatief steun nie.

Mnr Harriss wil weet wat is die oorsprong van die adreslys wat gebruik is vir die “nasty mail”. Die Voorsitter se antwoord was dat dit nie van die maatskappy was nie.

Mev Stephen wil weet of grassaad aangekoop gaan word soos deur Frits van Oudthoorn aanbeveel is en of dit ook vir aandeelhouers aangekoop kan word.

Mnr Smith wil weet wat aandeelhouers kan verwag nadat alarms afgegaan het. Indien ‘n alarm gedurende die nag afgegaan het sal die plaasbestuur die volgende oggend daarop

reageer. Die aandeelhouer sal in kennis gestel word per radio indien die aandeelhouer op die plaas is. Radios word aanbeveel. Die Plaasbestuurder kan gekontak word, indien aandeelhouers daarin belang stel, en om te reel vir die instel van die frekwesie daarvan.

Mnr Greeff bedank die Direksie vir hulle aandag, professionele optrede, toegewydheid en harde werk om die huidige positiewe toestand van die plaas te bewerkstellig.

Mnr Vosloo noem dat aangesien daar niemand is om die vuurhoutjie te trek om die veld te brand nie, daar ‘n organisasie in Lephalale is, naamlik Working on Fire, wat ‘n groot span beskikbaar kan stel om die taak te verrig.

Mnr Potgieter bedank Mnr John Hill vir kommunikasie op die plaas en vir Annatjie vir die skoonmaakdienste.

Geen verdere sake word deur aandeelhouers gelug nie.

Die Voorsitter bedank die aandeelhouers vir hul teenwoordigheid en insette. Hy benadruk ook sy dankbaarheid teenoor mede direkteure, Finansiële Verslag Komitee en Ouditeure. Hy bedank ook die personeel en plaasbestuur vir hul harde werk wat die plaas in so ‘n goeie toestand hou.

Geen verdere bespreking vind plaas nie. Die Voorsitter nooi almal uit om ‘n ligte ete in die vorm van ‘n smaaklike rooibokpotjie wat deur die plaasbestuur voorberei is, te geniet.

Die vergadering verdaag om 13h00.

Voorsteller: Mnr K Smith
Sekondant: Mnr B Benecke

HERMANUSDOORNS WEB SITE: www.hermanusdoorns.co.za

.